

Ruda adviseer navorsers

Me Ruda Landman, bekende joernalis en mediapersoonlikheid, was onlangs by die NWU om navorsers towys te maak oor suksesvolle kommunikasie via die media. Lees meer hieroor op p7.

Lees binne!

- 3** Adjunk-visekanselier neem die tuig op
- 4** Speke sing eersdaags op unieke baan
- 8** Van plaasseun tot professor

Beste kollegas

Ons staan sowaar al by die begin van die tweede kwartaal van 2011!

Voor ek met die formele voorwoord begin, moet ek op persoonlike noot baie dankie sê vir al die meelewing en onderskraging ná my onlangse ongeluk tydens 'n perde-uithourit. Dit gaan gelukkig somer al baie beter met my.

Wat werksake betref: soos julle aan die inhoud van hierdie tweede Eish! vir 2011 kan agterkom, is ons oor al drie kampusse en ook in die Institusionele Kantoor druk besig om die doelwitte vir die jaar te bereik.

Ek is bewus van die harde werk wat op verskeie fronte gedoen word. Eerstens die strategieë om die NWU se missie – om 'n gebalanseerde onderrigleer- en navorsingsuniversiteit te word – te verwezenlik. Hiermee saam ook die strewende om die instelling nasionaal en internasionaal te posisioneer deur 'n volgehoute fokus op internasionalisering en fondswerwing.

Nie net gee die onderskeie kampusplanne duidelike uitdrukking hieraan nie, maar

dit word ook onder andere sigbaar in die wyse waarop die herstrukturering in die institusionele IT-kantoor en hulle fokusverskuiwing na groter effektiwiteit aangepak word.

Verskeie van die NWU se projekte vir 2011 gaan 'n impak op die hele instansie hê:

- Die nasionale Hoëronderrigswy-kwalifikasieraamwerk (HOKR) gaan waarskynlik die meeste institusionele energie verg – en dis amper so groot soos die HOKK-oudit van 2009. Letterlik elke kwalifikasie wat ons as universiteit aanbied, gaan onder die soeklig kom. Baie sterkte vir elkeen wat by hierdie proses betrokke gaan wees. Ons weet dat die suksesvolle afloop hiervan vir ons eie kwaliteit en belyning baie gaan beteken.
- Die volgehoute verbetering van ons gehalteversekeringsprosesse bly altyd van wesenlike belang. Baie dankie aan elkeen wat tans hard werk om die kwaliteitsverbeteringsplan, voortspruitend uit die HOKK-ouditverslag, te implementeer.
- Ons is ook tans besig met die optekening van die samesmeltingsgeskiedenis van die NWU. 'n Projekspan onder leiding van prof Piet Prinsloo is op die been gebring om, in samewerking met kundiges op al die kampusse, die suksesverhaal van die Universiteit te dokumenteer. Meer besonderhede hieroor volg later.



Ons sien daarna uit om binnekort twee nuwe senior personelede in ons midde te verwelkom. Die nuwe Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer, prof Martin Oosthuizen (tans by Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit), sluit op 1 Junie 2011 by ons aan. Dr Ingrid Tufvesson, tans by die Universiteit van Kaapstad, is aangestel as die Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteitsbestuur in die kantoor van die Visekanselier en sal ook op 1 Junie die posisie opneem.

Ek is van harte oortuig dat beide hierdie aanstellings 'n beduidende positiewe impak op ons aktiwiteite gaan hê.

Baie sterkte vir die res van 2011.
Vriendelike groete,

Thinus Cloff

Eish! kyk hoe werskaf ons!

Die aktiwiteite waarvoor ons in hierdie uitgawe skryf, weerspieël die NWU se missie om 'n gebalanseerde onderrigleer- en navorsingsuniversiteit te word en om sy kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer.

Lees gerus op p7 hoe die akademiese ondersteuningstelsel, bekend as Aanvullende Onderrig, onderrigleer versterk.

Op dieselfde bladsy is inligting oor wetenskapskommunikasie-werkswinkels wat Institusionele Navorsingondersteuning gereël het as deel van hul strategie om navorsing by die NWU te bevorder.

Oudergewoonte deel ons ook graag nuus van die kampusse op p10-12. Dit is duidelik dat dié drie besigheidseenhede ook die

missie en visie vergestalt as mens na hul prestasies en ontwikkelinge kyk.

Die tweedemylers lewer steeds kwaliteitdiens – gaan kyk gerus op p13 wie in hierdie uitgawe erkenning kry.

Die kompetisiewenners van ons eerste uitgawe vir hierdie jaar word op p14 aangekondig, en daar is weer geleentheid om die kans te waag en 'n gelukkige wenner te wees.

Ons is reeds in die helfte van April en dié jaar het al behoorlik momentum gekry. Kom ons almal staan saam, wys die res van die hoëronderrigsektor waar Dawid die wortels gegrawe het, en LEEF ons missie en visie.

Groete,

Nelia & Marelize



Die woorde missie en visie maak party mense by voorbaat agterdogtig. Dit is waarskynlik daaraan te wyte dat missies en visies in sommige gevalle net woorde op papier te bly, sonder om neerslag in die doen en late van mense te vind.

Wanneer 'n mens na die inhoud van hierdie Eish! kyk, is dit duidelik dat dit nie die geval by die NWU is nie: dié universiteit leef sy missie werklik uit.

Nuwe Adjunk-visekanselier verruil die Baai vir die binneland

Die NWU se nuwe Adjunk-visekanselier, prof Martin Oosthuizen, het die Baai vir die binneland verruil – 'n ruiltransaksie wat vir die NWU 'n goeie opbrengs sal lewer.

Prof Martin, tans Senior Direkteur: Kantoor vir Akademiese Beplanning en Kwaliteitsbevordering aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port-Elizabeth, sal vanaf 1 Junie 2011 die pos as Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer by die NWU beklee.

"Ná 21 jaar in Port Elizabeth is dit 'n groot skuif, maar ek dink ek en my vrou, Gardi, sal maklik aanpas en veral die gemoedelikheid van 'n plattelandse stad soos Potchefstroom geniet," sê hy.

Hy het nog altyd die NWU gesien as 'n universiteit met 'n sterk verbintenis tot akademiese uitmuntendheid in onderrig-leer en navorsing, en 'n dinamiese betrokkenheid by innovasie in belang van die gemeenskap.

As Adjunk-visekanselier sal prof Martin verantwoordelik wees vir die beleidsontwikkeling, strategie, monitering en koördinerende van onderrig-leer en vir die akademiese posisionering van die NWU nasionaal en internasionaal.

Hy sal ook verseker dat personeel en studente op al drie kampusse dieselfde vlak en gehalte van akademiese ondersteuning en ontwikkelingsgeleentheid ontvang.

HY SIEN UIT HIERNA

Prof Martin sê hy sien baie daarna uit om deel te word van 'n universiteit wat 'n innoverende benadering het en 'n leidende rol speel in kurrikulumontwikkeling en die benutting van opvoedkundige tegnologie in die leer- en onderrigproses.

Hy stel veral belang in die moontlikhede van oop- en afstandsonderrig.

"Ek dink die NWU is van die enkele Suid-Afrikaanse universiteite wat die uitdaging

van 'n gediversifiseerde leerkonteks in die 21ste eeu aangryp en strategieë ontwikkel om die behoeftes van lewenslange leerders aan te spreek deur middel van 'n geskikte balans tussen kontak- en afstandsonderrig."

BAIE BEÏNDRUK

Volgens dr Theuns Eloff, Visekanselier, was die onderhoudskomitee baie beïndruk met prof Martin se omvangryke ervaring, sy prestasie in die assesseringsproses en sy visie vir die NWU.

"Sy aansienlike kennis van die hoëronderwyssektor maak hom ongetwyfeld die regte persoon vir die portefeulje," sê hy.

Prof Martin in 'n neutedop

- Prof Martin Oosthuizen het as kind in Londen grootgeword en skoolgegaan, aan die St Andrew's College in Grahamstad gematrikuleer en aan die Universiteit van Stellenbosch studeer.
- Hy is 'n geesdriftige sportman en geniet swem, stap en fietsry. Hy het verskeie fietsrytoernooie voltooi, onder meer die afgelope Argus.
- Nes die NWU se Visekanselier, dr Theuns Eloff, het hy ook grade in Regte en Teologie.
- Hy sê hy gaan die fietsryroetes rondom PE mis – veral die oggende wanneer hy die son oor die see kon sien opkom. Hy hoop darem om in Potchefstroom ook lekker te kan fietsry.
- Hy het uitgebreide ervaring as dosent by verskeie tersiêre instellings, is 'n lid van die Europese Vereniging vir Institutionele Navorsing en het al op 'n hele aantal hoëprofiel-hoëronderwyskomitees en -panele gedien.
- Prof Martin en sy eggenoot, Gardi, het twee kinders. Louzanne (26) is 'n bedryfsingenieur by 'n konsultasie-maatskappy in die Kaap, terwyl Tinus (24) so pas sy mediese internskap by die Addington Hospitaal in Durban begin het.
- Hy het uitgebreide nasionale én internasionale ondervinding as assessor van akademiese programme.



Fietsrybaan nou 'n voldonge feit

Daar is geen twyfel nie – die NWU gaan beslis die eerste binneshuise houtoppervlak-fietsrybaan (Velodrome) in Afrika bou.

Trouens, die eerste soorie gaan nog vanjaar voor die winter op die Fanie du Toit-sportterrein van die Potchefstroomkampus gespit word.

“Die projek het onlangs opnuut stukrag gekry nadat die Universiteit fondse van die Nasionale Lotery gekry het,” sê mnr Frans Kruger, Institusionele Direkteur: Regsdienste.

Frans, wat reeds jare lank betrokke is by nasionale en internasionale fietsry, het die inisiatief geneem om die oprigting van die fietsrybaan 'n werklikheid te maak. Hy het ook 'n groot bydrae gelewer om op grond van die nasionale en internasionale steun befondsing vir die projek te kry.

EERSTE FASE

“Daar word beoog om die eerste fase van die projek teen die einde van November vanjaar af te handel,” sê hy.

Dié fase behels die bou en oprigting van die betonblad waarop die houtbaan gebou sal word, 'n tunnel onderdeur die baan van buite na die binneste gedeelte van die baan (die binneveld), die 250 m-fietsrybaan self, en die dak.

Die baan sal aan internasionale standaarde voldoen, met die oog op die aanbidding van toekomstige internasionale kompetisies.

Die binneveld van die baan sal so ontwerp en ingerig word dat dit vir verskeie ander binneshuise sportsoorte en kompetisies, byvoorbeeld basketbal, netbal, boks, tafeltennis en vlugbal gebruik kan word.

Die eerste fase van die baan sal ten minste R30 miljoen kos en die projek sal uiteindelik 'n geskatte R100 tot R120 miljoen beloop.

KERNBESIGHEID BAAT OOK

Goeie nuus vir die kernbesigheid van die

NWU is dat 'n Fietsry-akademie ook op die Potchefstroomkampus gevestig sal word. Nasionale talentontwikkeling en 'n akademiese program oor die wetenskap van afrigting sal aan die fietsryprojek gekoppel word.

Volgens prof Dawie Malan, Direkteur: Instituut vir Sportwetenskap en Ontwikkeling op die Potchefstroomkampus, het hierdie inisiatief reeds uiters positiewe reaksie by die Internasionale Fietsryunie ontlok.



Mnr Frédéric Magné, direkteur van die Internasionale Fietsryunie (regs) het tydens sy besoek aan die NWU weereens die Unie se volle ondersteuning aan die fietsrybaanprojek bevestig. By hom is mnr Frans Kruger, direkteur van Institusionele Regsdienste.

Oorsese besoekers

Aan die einde van Februarie 2011 het twee baanbouers, mnre Walter von Lütcken en Afrim Velu, die NWU besoek. Hulle is van WorldRecordTrack, 'n Duits-Amerikaanse maatskappy wat by die ontwerp en bou van tientalle velodromes betrokke was en is.

Mnr Frédéric Magné, direkteur van die Wêreldfietsrysentrum van die Internasionale Fietsryunie en Direkteur: Ontwikkeling van die Unie in Aigle, Switzerland het tydens dieselfde besoek vroeg in Maart samesprekings gevoer met verskeie NWU-belanghebbendes wat by die projek betrokke is.



Web vorder fluks

Elektroniese kommunikasie – en in besonder die wêreldwye web – speel 'n al hoe groter rol in mense se werks- en persoonlike lewens.

Dit is waarom dit vir die NWU 'n strategiese prioriteit was om teen die einde van Februarie 2011 die tweede fase van die herontwikkeling van sy internet-webwerf af te handel.

Gedurende dié fase is die oorblywende inligting van die NWU se Institusionele Kantoor gepubliseer, asook die inligting van feitlik alle ondersteuningsdienste en fakulteite op die kampusse, uitgesonderd die drie fakulteite wat reeds in fase een aan die beurt gekom het.

In die volgende fase sal die bladsye wat met studente te doen het, byvoorbeeld studenteverenigings en koshuise, herontwikkel word. Terselfdertyd word die gedeeltes wat in die eerste twee fases ontwikkel is, onder die soeklig geplaas.


“As deel van ons kwaliteitskontrole kyk ons onder meer dat al die skakels werk en dat die inhoud en voorkoms van die bladsye aan die voorgeskrewe vereistes voldoen,” sê me Elmarie Cronje, NWU-webinhoud-bestuurder.

“Ons gaan ook saam met departemente en fakulteite kyk na maniere waarop hulle bemaagtig kan word om hul publiseringsfunksies sonder haakplek te kan verrig – dis nou wat betref dié dele van die web waarvoor hulle verantwoordelik is,” sê sy.

'n Nuwe, meer gebruikersvriendelike inhoudbestuurstelsel, Drupal, sal later vanjaar die bestaande stelsel vervang. Alle publiseerders sal betyds opleiding ontvang om dit te kan gebruik. Drupal sal egter nie die voorkoms van die nuut geskepte bladsye beïnvloed nie.



Ons moet bydra tot Suid-Afrika se kwalifikasieraamwerk



Eish! gaan voortaan gereeld fokus op strategiese projekte of aktiwiteite wat die NWU as geheel raak. Die eerste aflewering van dié reeks gaan oor die betrokkenheid van die NWU by die hersiening van die Hoër Onderwys-kwalifikasieraamwerk (HOKR). Ons het vir prof Marlene Verhoef, Uitvoerende Adviseur: Strategie en Projekte in die kantoor van die Visekanselier, gevra om ons meer hiervan te vertel.*

V: Wat word van die NWU verwag?

A: Die Universiteit moet voor die einde van September 2011 detail-inligting oor sy 748 akademiese programme aan die Raad op Hoër Onderwys voorlê vir die hersiening van die Kwalifikasieraamwerk.

V: Het die Universiteit al begin met dié reusetaak?

A: Ja, 'n projek is reeds van stapel gestuur vanuit die Institusionele Projektkantoor om die proses in samewerking met alle belanghebbendes by die NWU te dryf. Personeel hoef nie bekommerd te wees nie – daar sal genoeg hulp beskikbaar wees om die proses glad te laat verloop.

V: Daar is sprake van 'n loodsprojek – vertel ons meer daarvan?

A: Ná konsultasie met verskillende belanghebbendes, is daar besluit om die NWU-projek eers aan die hand van 'n loodsprojek aan die gang te kry. Dit sal dan as model dien vir die verdere uitrol na die ander fakulteite van die Universiteit.

As loodsprojek word programme in die Fakulteit Teologie op die Potchefstroom-kampus gebruik, aangesien hulle lankal met hul interne prosesse met die oog op HOKR-belyning begin het. Hulle sal dus 'n waardevolle inset op verskillende vlakke kan lewer op pad na die ontwikkeling van beste prosedures vir die manier waarop die saak aangepak moet word.

V: Hoe gaan die proses ná die loodsprojek verloop?

A: Gedurende fase een (April tot September

2011) moet ons ons programme klassifiseer en daarna volgens die verskillende kategorieë hanteer.

Daar is drie kategorieë:

A – Programme wat net effens aangepas moet word om by die kwalifikasieraamwerk se formaat te pas.

B – Programme wat 'n mate van ontwikkeling nodig het voor dit belyn kan word.

C – Programme wat glad nie belyn kan word nie en uitgefaseer of vervang moet word.

Gedurende fase een moet die NWU die Kategorie A-programme se inligting insamel en elektronies op 'n voorgeskrewe templaats indien. Tydens fase twee (Oktober 2011 tot Desember 2014) sal die Kategorie B-programme aan die beurt kom.

V: Is dit 'n landswye projek?

A: Ja, alle hoërondwysinstellings in Suid-Afrika moet dié inligting aan die Raad op Hoër Onderwys verskaf.

V: Waarom moet almal 'n voorgeskrewe templaats gebruik?

A: Dit sal verseker dat die ingediende inligting eenvormig is. Wanneer die proses voltooi is, sal daar op nasionale vlak dus dieselfde tipe data oor die akademiese programme van universiteite en universiteite van tegnologie beskikbaar wees.

V: Hoe gaan julle die personeel op hoogte hou van die projek?

A: Verdere inligting sal mettertyd deur die Institusionele Projektkantoor deur verskeie kommunikasiekanale gekommunikeer word.

Het jy geweet?

Belangrike rolspelers in die NWU se proses is:

- Die Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer
- Die Institusionele Kantoor vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning
- Die kampuskantore vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning
- Die viserektore op die kampusse
- “Eienaars” van programme dwarsoor die Universiteit
- Die Institusionele Projektkantoor
- Institusionele Inligtingstegnologie
- Institusionele Bestuursinligting
- Institusionele Studente- administratiewe stelsels

Hoe baat Suid-Afrika hierby?

Die hersiene kwalifikasieraamwerk sal vir die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, asook die hoërondwysinstellings self, die volgende inligting beskikbaar maak:

- Watter programme landswyd by universiteite en universiteite van tegnologie aangebied word.
- Hoe die programme met mekaar vergelyk, byvoorbeeld name, toelatingsvereistes, kredietwaardes, kwalifikasie-standaarde, doelstellings, ens.
- Hoe die ongeveer 8 000 tot 20 000 programme vir hoër onderwys in Suid-Afrika met die formaat van die kwalifikasieraamwerk en uiteindelik met mekaar belyn kan word. (Slegs die programme wat sedert Januarie 2009 deur die NWU voorgelê is, is reeds met die kwalifikasieraamwerk belyn.)
- In watter mate die programme voldoende is om in die vaardigheidsbehoefte van die land te voorsien, en waar die gapings is wat aangespreek moet word.

**Engels: Higher Education Qualification Framework (HEQF)*

NWU-kundiges kén hul storie

Die NWU spog met kundiges wat op verskeie gebiede die voortou neem. Hulle word dikwels in die media aangehaal as opinieleiers en vakspecialiste. In die volgende uitgawes van Eish! gaan ons van hul kommentaar wat in die media verskyn het, met ons lesers deel.

“ Die aanpassing van punte in die matriekuit-slae van 2010 help leerlinge nie werklik nie, want in die skool van die lewe word punte nooit aangepas nie. ”

Dr Theuns Eloff, Visekanselier
Beeld, 11 Januarie 2011



“ Vleilande het ’n inherente vermoë om besoedelingstowwe te hanteer. As ’n mens dié suiwering op ’n industriële manier moet doen, sal dit sowat 50 000 dollar per hektaar per jaar kos. Suid-Afrika het reeds 50% van sy vleilande verloor – dit beteken in effek dat ons ook die gratis suiweringswerk wat die vleilande vir ons sou kon doen, verloor het.”



Prof Henk Bouwman, Dierkunde,
Potchefstroomkampus
Radio Sonder Grense (RSG),
2 Februarie 2011



“ Die groot vraag is of onderwysers die toenemende druk kan hanteer. Onderwysers het tog hul beroep gekies omdat hulle ’n passie vir die onderrig van kinders het. Maar as die werklading en eise te groot word, kan dit hul passie versmoor en streshantering só verlam.”

Prof Leoné Malan, Navorsingsnisarea: Hipertensie in Afrika (Hart), Potchefstroomkampus
Beeld, 5 Februarie 2011

“ Die gebeure die laaste tyd in Tunisië, Egipte en die Midde-Ooste moet ’n wekroep vir Suid-Afrika wees wat ook op ’n soortgelyke tydbom sit met sy derduisende werklose jeugdiges ... Ons sit met klasse-ongelykheid en groepe is politiek mobiliseerbaar, veral in tye soos ’n naderende verkiesing. Ons het absolute rede tot kommer aangesien mense se ontevredenheid ’n onkeerbare punt kan bereik. ”



Prof André Duvenhage,
politieke kenner,
Potchefstroomkampus
RSG en Beeld,
14 Februarie 2011

Die feit dat die span dit reggekry het om die Universiteitsport Suid-Afrika-toernooi twee jaar ná mekaar te wen, wys dat die Sokkerinstituut se suksesvolle model sy doelwit, om individue te ontwikkel om uitstaande sokkerspelers te word, bereik. ”

Mnr Johan Govea, direkteur van die Sokker-instituut, Mafikengkampus
The Star, 14 Desember 2010



“ Daar is ’n positiewe momentum in die ekonomie in die huidige stadium. Die inflasiekoers gaan stadig styg vanaf ’n lae basis en die kanse vir verdere rentekoersverlagings is baie na aan nul.”



Mnr André Mellet,
Ekonoom, Vaaldrie-
hoeekkampus
Radio Sonder
Grense (RSG),
19 Januarie 2011



Navorsers word mediawys

Die wêreld van wetenskap het die bewussyn van die samelewing binnegesypel.

Dié wêreld is nie meer so gehul in die geheime taal van navorsing nie, maar filter deur na die hoofstroommedia deur maklik verstaanbare frases en interessante feite.

Om doeltreffend te kan kommunikeer in hierdie “nuwe” wêreld waar hoofstroommedia en elite-navorsing bymekaarkom, moet wetenskaplikes en navorsers verstaan hoe die wêreld van die media werk en wat joernaliste sal laat kennis neem van hul navorsing.

Om hierdie rede het die NWU onlangs ‘n spesiale werkswinkel oor wetenskaps-

kommunikasie op al drie kampusse aangebied onder leiding van twee bekende en ervare mediapraktisyns, me Ruda Landman en me Marina Joubert. Hierdie werkswinkel is vanjaar vir die derde agtereenvolgende jaar aangebied.

As deel van die werkswinkel het navorsers meer geleer oor hoe die media werk en wáár presies hulle in die prentjie inpas, kompleet met praktiese wenke en voorstelle oor hoe om hul navorsing só te kommunikeer dat dit vir lesers en luisteraars iets bied.

Die beste – en slegste – deel van die werkswinkel was ‘n skyn-onderhoud met Ruda. Dit was daarop gemik om die navorsers te leer om op hul voete te dink, om te fokus

Me Jeannine Keating van die Potchefstroom-kampus se Fakulteit Opvoedingswetenskappe (regs) in ‘n skyn-onderhoud met me Ruda Landman. Die onderhoud is opgeneem en later tydens die werkswinkel teruggespeel, om navorsers te help om hul onderhoudsvermoëns op te skerp.

op die drie hoofpunte van hul navorsing en om deur ‘n kameralens duidelik met ‘n televisiegehoor te kommunikeer.

Die werkswinkel oor wetenskapskommunikasie sal weer in 2012 aangebied word.

* Ruda Landman se medialoopbaan het in 1977 begin as koerantjoernalis. Daarna het sy aanbeweeg na radio, tydskrifte en TV-nuus voordat sy in 1985 medeprogramleier geword het van Suid-Afrika se eerste regstreekse aktualiteitsprogram op televisie, *Netwerk*. Sy was van die begin (Augustus 1988) af deel van die *Carte Blanche*-span.

* Marina Joubert het die Wetenskapskommunikasie-eenheid by die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika tot stand gebring en sy aktiwiteite ingrypend uitgebrei voordat sy in 2005 ‘n onafhanklike wetenskapskommunikasiekonsultant geword het. Sy is ‘n redakteur, vervaardiger, navorser en persbeampte en doseer Wetenskapskommunikasie aan twee Suid-Afrikaanse universiteite.

SI maak die verskil

Vir baie NWU-studente is die akademiese ondersteuningstelsel, bekend as Aanvullende Onderrig (Engels: *Supplemental Instruction* of SI), die verskil tussen deurkom en druip.

Om SI by die Universiteit te bevorder, het drie SI-studenteilers saam met me Mariaan Klopper, van Institusionele Akademiese Ondersteuning en Ontwikkeling, die VSA besoek. Hulle het tussen 13 en 16 Maart 2011 ‘n byeenkoms van die Internasionale SI-Forum by die Universiteit van Missouri in Kansas City bygewoon.



Die drie SI-studenteilers is voor van links mnr Jacques Matthee, Potchefstroomkampus, mnr Bertus Schrop, Vaaldriehoekkampus en mnr Matthews Makwela, Mafikengkampus. Agter is van links dr Charl Nel, SI-koördineerder, Potchefstroomkampus, me Dine du Preez, SI-koördineerder, Vaaldriehoekkampus, dr Muki Moeng, Institusionele Direkteur: Akademiese Ondersteuning en Ontwikkeling, me Mariaan Klopper van dieselfde departement, en me Annelize Cronjé, SI-koördineerder, Mafikengkampus.

Van plaasseun tot professor

In ons reeks oor bestuurslede van die NWU, voer Eish! nou onderhoude met ons dekane. Eerste aan die beurt is prof Tinie Theron van die Vaaldriehoekskampus.

As plaasseuntjie het die Basotho hom "die een wat met klippe speel" genoem.

Vandag nog het prof Tinie Theron, Dekaan: Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekskampus, 'n voorliefde vir alles wat natuurlik is en het hy geen erg aan materialisme en opgesmuktheid nie.

Dié lewensbeskouing het saam met hom gegroei in die wye ruimtes van die Noordoos-Vrystaat. Daar het hy saam met sy broer en twee susters op 'n plaas in die Memel-distrik grootgeword en in 'n eenman-plaasskooltjie skoolgegaan.

'N GEBORGE OMGEWING

"Van my beste herinneringe is die ongekompliseerdheid van my kinderjare en die samesyn van die gesin op koue wintersaande om die swart stoof in die kombuis," sê hy.

In dié geborge omgewing het sy ma vir hom raad gegee wat hom vandag nog bybly.

"Sy het gesê 'n mens moet jou nie aan ander mense meet nie – jy kompeteer met jouself. Sy het ook gesê dat as jy elke dag jou bes gedoen het, dit goed genoeg is. Jy moet ook nooit moed opgee nie en onthou dat die lewe is wat jy daarvan maak."

Dié raad was nog altyd vir hom rigting-wysers langs die 23 jaar-lange pad wat hy reeds op die Vaaldriehoekskampus gestap het.

Destyds, toe hy op 1 Januarie 1988 aangestel is as professor in Onderwysbestuur, was die Kampus klein en kon die handvol personeellede nog daagliks saam teedrink en gedagtes uitruil.

GROOT VERANDERINGE

Sedertdien het die Kampus baie verander, veral wat grootte en demografiese samestelling betref. In 1988 was daar maar ongeveer 1 000 studente, almal wit, terwyl daar nou meer as 5 000 studente van verskillende bevolkingsgroepe en kulture is.

Ook die akademiese kultuur het verander. Voorheen was die klem hoofsaaklik op goeie onderrig, terwyl die Fakulteit vandag 'n goeie balans tussen onderrig-leer en navorsing handhaaf.

STERKPUNTE

Prof Tinie sê die Fakulteit se sterkpunte is die toegewyde en gemotiveerde personeelkorps, goeie gehalte onderrig-leer aktiwiteite en die toenemend dinamiese navorsingskultuur.

'n Onderrig-leer-prestasie is byvoorbeeld dat 'n meestersgraad in Positiewe Sielkunde – 'n eerste in Suid-Afrika – pas deur die Departement van Onderwys goedgekeur is.

Wat navorsing betref, behaal die Fakulteit ook merkwaardige suksesse.



Tydens 'n onlangse vakansie het prof Tinie Theron (regs), sy seuns, Le Roux (links) en Eswill, en sy vrou, Linda, by Elandsrus, 'n gasteplaas naby Drie Susters in die Karoo, oorgebly.

"Ons het pas ons eerste navorsingsfokusarea, *Understanding and Processing Language in Complex Settings* (UPSET) in die Fakulteit tot stand gebring. 'n Tweede, *Enabling optimal expression of individual, social and institutional potential* (Optentia) sal waarskynlik binnekort as fokusarea erken word."

Die Fakulteit spog ook met 'n paar navorsingsnise, naamlik *Pathways to Resilience in Southern Africa*, *The Cultural Dynamics of Water*, en Antieke Tekste.

Hierbenewens het die geakkrediteerde artikeluitsette van die Fakulteit oor die afgelope vier jaar van 27 tot 56 (107%) verhoog.

Soos geïllustreer, glo prof Tinie aan 'n balans tussen onderrig-leer en navorsing.

"Vir my is 'n goeie akademikus nie net iemand wat uitmuntend onderrig gee nie, maar ook 'n nasionaal en internasionaal gerekende navorser is – dus iemand wat onderrig-leer en navorsing kan integreer."

ONTWIKKEL HUL POTENSIAAL

Dit is vir hom baie lekker om elke dag sy personeel op verskillende vlakke te ondersteun, sodat hulle hul potensiaal ten volle kan verwesenlik en terselfdertyd die Universiteit kan help om sy doelwitte te bereik.

En die uitdagings in sy werk? "Daar is baie,

maar as ek drie kan uitsonder, is dit om altyd objektief te wees, toe te sien dat almal gelyk en regverdig behandel word en om akademiese produktiwiteit te verhoog sonder om die mens in die proses te vergeet."

Sy doelstellings vir 2011 is om die kwaliteit van die onderrig-leer en navorsing in die Fakulteit verder te verhoog en om vir akademiëci die ruimte en klimaat te skep waarin onderrig-leer en navorsing kan gedy.

As plaasseun het prof Tinie met klippe gebou, maar as professor bou hy met kennis, en aan mense. Steen vir steen lê hy die fondament waarop studente en personeel hul loopbane verder kan bou.

My gunstelingdis: Skaapafval

My gunstelingboek of -fiek: Daar is so baie, maar as ek een moet uitsonder, is dit waarskynlik *The Power of One* van Bryce Courtenay. Dis 'n verhaal van 'n persoon wat, ten spyte van uiters moeilike omstandighede, daarin kon slaag om 'n sukses van sy lewe te maak.

Dit maak my gelukkig: Ek dink eintlik 'n mens maak jouself gelukkig, maar dit is vir my baie lekker om saam met my vrou en twee seuns te wees. Die lewe met al sy interessanthede en intriges laat my lag; so ook mense en hul gewoontetjies.

Dié dier(asie) bewonder ek: 'n Kokkerot/kakkerlak, want dit is waarskynlik een van die gehardste en aanpasbaarste insekte op die planeet. Sommige spesies kan vir 'n maand aktief bly sonder kos, en vir tot 45 minute in 'n vakuum en 'n halfuur onder water leef. Boonop kon hulle vir miljoene jare oorleef ten spyte van die mens se pogings om hulle uit te roei.

Hiervan hou ek in mense: Eerlikheid, integriteit en 'n sin vir humor.

My passie in die lewe: Om elke dag voluit te leef, asof dit my laaste dag op aarde is.

Met dié persoon sal ek graag wou

gesels: Ek sou graag vir Darwin wou vra waarom die mens deur evolusie 'n respons ontwikkel het waardeur hy, deur te bloos, vir ander mense wys dat hy skaam of verleë is, of gekul of gejok het.

My gunstelingvakansieplek: Die Drakensberge en die Bosveld.

Dit doen ek vir ontspanning: Stap, lees en musiek luister (van Mozart tot *Metallica*).

Lede van my gesin: My vrou, Linda, is 'n professor in Opvoedkundige Sielkunde aan die Vaaldriehoekskampus. Ek het twee seuns: Eswill is 'n besigheidsanalisis en Le Roux 'n geoktrooieerde rekenmeester.

Nóg twee NNS-gegradeerde navorsers

Die Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe in die Fakulteit Landbouwetenskap en Tegnologie spog met twee nuwe NNS-gegradeerde navorsers.

Prof Eno Ebenso van die Departement Chemie het 'n C1-gradering ontvang en prof Masood Khaliq, van die Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, 'n C2-gradering.

Prof Eno se navorsingsbelangstelling is fisiese chemie en sluit in elektrochemie, kinetika, adsorpsie, termodinamika van korrosie, waterstofevolusie en termometriele metodes, sowel as sinergistiese en antagonistiese studies.

"Dit beteken baie vir my akademiese groei en ek sal graag in die toekoms 'n nóg beter gradering wil bekom," sê hy.

Prof Masood beskou sy NNS-gradering as iets wat baie voordele kan inhou.

"Hierdie gradering kan dit vir my PhD-, meestersgraad- en honneursstudente moontlik maak om beurse te ontvang."

Sy navorsing fokus op Lie-simmetriëbenaderings vir die ontleding en oplos van differensiaalvergelykings, liniêre sowel as nieliniêre gewone en partiële differensiaalvergelykings.

Dit sluit ook simmetrie-ontledingstegnieke vir astronomie, vloeidinamika en teoretiese fisika in.

Hierdie nuutste prestasie beteken dat daar nou nege NNS-gegradeerde navorsers op die Mafikengkampus is.

Prof Bernard Mbenga (links) en prof Andrew Manson.



Geskiedenisboek kry internasionale erkenning

'n Geskiedenisboek, onder die gesamentlike redaksie van drie universiteitsprofessors wat prof Bernard Mbenga van die Fakulteit Geesteswetenskappe op die NWU se Mafikengkampus insluit, het onlangs 'n prestige internasionale toekenning ontvang.

Die boek, *The Cambridge History of South Africa, Vol. I, From Early Times to 1885*, wat deur Cambridge University Press uitgegee is, verskyn op *Choice Magazine* se lys van uitstaande akademiese titels vir 2010. *Choice* is die belangrikste publikasie gemik op akademiese biblioteke in die Verenigde State.

Elke uitgawe bevat resensies oor honderde akademiese titels in 'n verskeidenheid vakgebiede. Die boek is een van 3% titels wat gekies is uit 25 000 voorleggings aan die tydskrif.

Prof Bernard se mede-outeurs is prof Carolyn Hamilton van die Universiteit van Kaapstad en prof Robert Ross van die Universiteit van Leiden, Nederland.

Prof Bernard was baie produktief in 2010. Hy en prof Andrew Manson, 'n navorsingsprofessor van die Skool vir Navorsing en Nagraadse Studies het saam 'n fassinerende boek oor die Bafokeng die lig laat sien.

Die boek is getiteld: *'People of the Dew': A History of the Bafokeng of the Phokeng-Rustenburg District, South Africa, From Early Times to 2000*, en is uitgegee deur Jacana Press, Johannesburg.

Rektor vertolk nuwe rolle

Prof Dan Kgwadi, Rektor van die Mafikengkampus, is aangestel as die NWU se Adjunkhoof vir 2011.

Die NWU se Raad het onlangs besluit om die funksie van Adjunkhoof los te maak van 'n spesifieke portefeulje. Hierdie funksie sal dus voortaan tussen die lede van die Institusionele Bestuur roteer. Die Adjunkhoof staan in vir die Visekanselier wanneer laasgenoemde afwesig is.

Prof Dan het ook huisvader geword vir die Fase 2- en Fase 3-koshuise, wat hoofsaaklik deur eerstejaars bewoon word. Hy het hierdie verantwoordelikheid aan die begin van 2011 amptelik aanvaar.

Prof Dan beskou huisouerskap as baie belangrik binne die universiteitskonteks.

"Eerstejaarstudente is in baie gevalle nog betreklik jonk, en die meeste van hulle benodig steeds ouerlike leiding. Die rol van die huisouer is om seker te maak dat daar 'n ondersteuningstelsel in plek is sodat studente hul akademiese, fisieke, geestelike en sosiale behoeftes kan vervul."

Daarom het hy besluit om sy eie tyd daaraan toe te wy om

ondersteuningstrukture soos huiskomitees en hul rade te bemagtig om die program te dryf.

Prof Dan het in 2010 begin om klas te gee vir eerstejaar-fisikastudente, en sal in 2011 daarmee voortgaan.



Prof Dan Kgwadi

Oudpersoneellid vereer vir reuse-beeldhouwerk

Die bekende beeldhouer en oudpersoneellid, mnr Barend Grobbelaar, is tydens 'n erkenningsgeleentheid vir sy werk in die voorportaal van die Joon van Rooy-gebou vereer.

Dié argitektoniese beeldhouwerk van bykans 36 m in lengte en meer as 2,8 m hoog, was ten tye van die oprigting as die grootste *in situ* gegote paneel in die wêreld beskou (Die Joon van Rooy-gebou is 30 jaar gelede in gebruik geneem).

Die reliëfpaneel beeld die wisselwerking tussen die Universiteit en sy gemeenskappe uit.

Die simbole in die paneel beeld 'n boom uit as Christelike simbool en as 'n organiese fabriek wat vog, voedingstowwe en sonlig verwerk om groeikrag te verskaf en energie te stoor.


Barend was vanaf 1972 tot 1980 'n dosent in beeldhoukuns aan die voor-



Die beeldhouer, mnr Barend Grobbelaar (links), gesels met die Rektor van die Potchefstroomkampus, prof Herman van Schalkwyk, en die twee argitekte van die gebou, mnre Nardus Conradie en Arend Müller.

malige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Hy het sedert 1981 sy eie kunsskool, Studio Visio, waar hy steeds 'n aktiewe professionele kunstenaar is. Van sy werke is opgeneem in plaaslike en Europese versamelings.



Die Pukki-ikoon sal in die toekoms verwys na enige Pukki-produk en -diens.

Die Pukki is hier!

Die Pukki is die nuwe gelukbringer (mascot) van die Potchefstroomkampus.

Dié projek is verlede jaar in Maart deur die Rektor, prof Herman van Schalkwyk, in samewerking met die Departement Bemaking en Kommunikasie (BEK), van stapel gestuur om verskeie kommunikasiegapings op die Kampus aan te spreek.

BEK het met die hulp van die vakgroep Grafiese Ontwerp, onder leiding van me Emarie Gouws en mnr Richardt Strydom, dié unieke ikoon ontwerp.

Die primêre doel van die Pukki is om as kommunikasiemedium te dien tussen studente, die Studenteraad en Kampusbestuur.

Daar is twee weergawes van die Pukki. Die eerste is 'n ikoon-weergawe wat gebruik gaan word om te verwys na enige Pukki-produk en -diens. Die tweede weergawe is 'n fisiese "mascot" wat by sportbyeenkomste sal optree en veral tydens die Varsitybeker.

Mnr Christoff Swanepoel, media- en korporatiewe beampte van BEK, wat ook die projekbestuurder is, beskryf die Pukki as interessant, *kitch*, *common*, *amazing* en divers, nie 'n mens nie, nie 'n dier nie, maar 'n Pukki. "Die Pukki is absoluut enige iets wat jy wil hê hy moet wees," sê hy.

Vinnige pas by die Skool vir Musiek

Die pas van bedrywighede by die Skool vir Musiek is beslis 'allegro': lewendig en vinnig. Kyk net wat hier aan die gang is:

Nuwe redakteur vir Kerkmusiek-tydskrif

Prof Hetta Potgieter is onlangs aangestel as nuwe redakteur van "Vir die Musiekleier", die tydskrif van die Suider-Afrikaanse Kerk-orrelistevereniging (SAKOV). Prof Hetta is ook die navorsingsleier van die nisarea Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings.

Uitsonderlike eksamenuitslae vir sangers

Twee diplomastudente van die Skool het verlede jaar uitsonderlike resultate in Unisa se vokale eksamens behaal.

Mnr Eddie Mofokeng, 'n bariton, het die hoogste punte (95%) in die land behaal in die Graad 5-vokale eksamen, en hy het die Nellie Du Toit Merietebeurs vir die tweede agtereenvolgende jaar losgeslaan.

Me Masabata Hlubi, 'n sopraan, het 91% in die Graad 3-eksamen behaal. Beide studente sal op Unisa se ererol vir 2010 ingesluit word.

Derde postdoktorale genoot

Die Skool vir Musiek het sy derde postdoktorale genoot, dr Kapambwe Lumbwe van Zambië, verwelkom. Vir die volgende drie jaar sal dr Kapambwe in die nisarea Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings werksaam wees, en sy navorsing sal op Setswana-, Tshivenda- en Isizulu-musiek fokus.

Waternavorsing die sleutel tot volhoubare waterbronne

Daar word gereken dat die wêreldbevolking die sewemiljard-kerf teen 2012 sal bereik.

Volgens 'n projeksie van die Amerikaanse regering, is die sesmiljard-kerf reeds in 1999 bereik wat beteken dat dit slegs 13 jaar geneem het om 'n miljard mense tot die wêreldbevolking te voeg.

Hierdie vinnige toename in die bevolkingsaanwas het 'n direkte impak op die volhoubaarheid van lewensnoodsaaklike natuurlike hulpbronne soos water.

Dit is juis hierdie impak van die mens op die omgewing waarin die navorsingsleiers en studente in die nisarea, Kulturele Dinamika van Water (CuDyWat) belangstel. Binne hierdie navorsingsnis word transdissiplinêre navorsing beoefen met die doel om die

volhoubaarheid van waterbronne vir die toekoms te verseker.

Volgens prof Johann Tempelhoff, hoof van die nisarea, sal die gevolge van klimaatsverandering en die toename in bevolkingsgetalle in die afsienbare toekoms bydra tot die ontstaan van 'n bepaalde waternood in Suider-Afrika.

Prof Johann het verder verduidelik dat dié streek tans onder die 30 droogste sones in die wêreld resorteer.

Die omvang van die navorsing wat gedoen word sluit ondermeer in die wyses waarop gemeenskappe water gebruik; probleme in die watersektor en op welke maniere daar te werk gegaan kan word om by wyse van omgewingsvriendelike-aktiwiteite volhoubare waterbronne vir die toekoms te verseker.

Nuwe studente-nuusbrief vir Vaal – Student 24/7

Dit is uiteindelik hier! Die Kampus kan nou vir die eerste keer spog met sy eie kampus-e-nuusbrief, Student 24/7!

Dit was die geesteskind van 'n groep eerstejaargestudente. Hierdie studente is almal lede van die Skool vir Kommunikasiestudies in die Fakulteit Geesteswetenskappe. Behalwe vir hul gesonde aptyt vir taal en kommunikasie, verteenwoordig hulle ook die hartklop van hierdie nuwe publikasie.

Die redaksionele struktuur bestaan tans uit me Melissa van der Merwe (redakteur), me Mpho Moko, mnr Tshepo Raseleso en me Hannelie Pieterse. Die publikasie funksioneer

onder die beskerming van die Departement Korporatiewe Kommunikasie.

“Ons het besluit op 'n elektroniese tydskrif-formaat om ons deel te doen vir die omgewing deur papierverbruik af te skaal. Soos wat die meeste van u reeds weet, is ons kampus geleë in 'n verklaarde natuurreseervaat; daarom rus daar 'n verantwoordelikheid op elke lid van die kampusgemeenskap om ons omgewing te bewaar. Omgewings-rentmeesterskap is iets wat ons almal moet omhels en bevorder,” sê me Annette Willemse, Bestuurder: Korporatiewe Kommunikasie.

Kampus spog met nuwe koshuis

Die Vaaldriehoekskampus het onlangs die eerste studente tot die nuwe Longfellow-koshuis verwelkom.

Hierdie af-kampus koshuis huisves meer as 300 studente, en neem met trots die plek in as die tweedegrootste koshuis van die Kampus. Volgens mnr Frans Basson, Direkteur: Fasiliteite, spreek dié nuwe koshuis die groeiende behoefte aan studentebehuising aan.

Elke eenheid bestaan uit drie slaapkamers wat deur ses studente gedeel word, 'n kombuis en 'n badkamer. 'n Vervoerdiens verseker dat die studente veilig die ongeveer 7 km tussen die koshuis en die Kampus aflê.

Met die ongekende groei in studentegetal in 2010, was die behoefte aan studentebehuising baie groter as die beskikbaarheid van akkommodasie en dus was 'n alternatiewe oplossing nodig. Die Kampusbestuur het om hierdie rede ingestem tot 'n langtermyn aflosooreenkoms met die ontwikkelaars van die Longfellow-ontwikkeling.

Soos elk van die ander koshuise, moet 'n aangewese koshuiseouer die nodige leiding en ondersteuning gee. Dié taak word vervul deur me Busi Khaba, 'n junior lektor in Politieke Wetenskappe op die Kampus.

Die Kampus het nou sewe koshuise, naamlik: Thuthuka, Jasmyn, Vergelegen, Oryx, Acacia, Faranani (af-kampus) en Longfellow (af-kampus).



Die Longfellow-koshuis het reeds 'n unieke studentegees. Die embleem van die koshuis is 'n kameelperd.

YOLANDI CLOETE



EUGINIA MARCH



SANTIE PIETERSE



ERIKA DE VRIES



AILEEN JOUBERT



Mense wat myle stap

Dit is wonderlik om te sien hoe personeel deelneem – die tweede myl-posbus bars uit sy nate! Graag maak ons weer van die geleentheid gebruik om erkenning te gee aan ons kollegas wat die tweede myl loop in hul daaglikse werksverrigting.

Me Yolandi Cloete, sekretaresse van die Departement Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning in die Institusionele Kantoor help en ondersteun altyd waar sy kan, dikwels buite haar daaglikse verantwoordelikhede. "Sy is 'n voorbeeld vir ons almal," prys me Mariaan Kloppe, Bestuurder: Onderrig en Leer van dieselfde departement.

Volgens prof Oladejo Olowu, 'n navorsingsprofessor in die Fakulteit Regte op die Mafikengkampus, is **me Euginia March**, 'n toesighouer in die Departement Inligtingstegnologie op dieselfde kampus, iemand wat altyd entoesiasies is en ander help. "Afgesien daarvan dat sy self 'n besige skedule het, kry sy dit steeds reg om gasvry te wees en hulp aan te bied. Weens haar uitgebreide kennis van die Universiteit is sy dikwels die een by wie almal aanklop om hulp, en sy huiwer nooit om iemand uit te help nie, al is dit nie haar verantwoordelikheid nie," sê prof Oladejo.

Nog 'n personeellid wat 'n pluimpie verdien, is **me Santie Pieterse**, senior administratiewe assistent in die ontwerpateľee Graphikos binne die Departement Akademiese Steundienste op die Potchefstroomkampus. Mee Antoinette Vermeulen, Kwaliteitsbestuurder: Akademiese programme, en Johanna Muller, Kwaliteitsbestuurder: Ondersteuningsdienste in die Institusionele Kwaliteitskantoor, is dit eens dat sy altyd vriendelik en behulpsaam met uitleg van drukwerk is – selfs al word dit op kort kennisgewing vir haar gestuur. "Santie maak voorstelle oor veranderinge en gee ons altyd nuwe idees, en dit maak die diens wat sy lewer van hoogstaande gehalte," sê dié kollegas.

Me Yolande Bechaz, sekretaresse in die kantoor van die Institusionele Bestuurder: Finansies neem graag haar kans waar om somer twee personeellede te nomineer. Volgens haar is **me Erika de Vries**, Assistentbestuurder: Sporthuise en Gasteverblyf, en **me Aileen Joubert**, Assistentbestuurder: Astrovilla Gastehuis binne die Departement Inwoning en Voedseldienste op die Potchefstroomkampus altyd bereid om 'n plan te maak

om haar te help. "Ek moet dikwels verblyf bespreek vir ouditeure, en die twee dames kon my al vele kere op kort kennisgewing help om vir hierdie persone verblyf te organiseer. Erika en Aileen gaan werklik uit hul pad uit om goeie diens te lewer," sê Yolande.

Mnr Oarabile Lechuti, ondersoekbeampte in die Departement Beskermingsdienste op die Mafikengkampus is nog 'n staatmaker. "Oarabile is 'n toegewyde en hardwerkende persoon en hy lewer uitstekende diens," sê Mnr Jack Ganakgomo, Bestuurder: Beskermingsdienste. Oarabile het gedurende Januarie 'n aantal verdagtes gearresteer en so gesteelde goedere wat aan Koreaanse besoekers behoort het, teruggevind. "Hy is altyd lojaal en huiwer nie om ander departemente op die Kampus te help nie."

Me Izette Schouwstra, konvokasie-koördineerder in die Departement Korporatiewe Sake en Verhoudinge in die Institusionele Kantoor, nomineer graag **mnr Wayne Cusens**, IT-hulplynassistent in die Departement Inligtingstegnologie op die Potchefstroomkampus. "Wayne verleen altyd hulp ten spyte van 'n hoë werkslading en gee goeie raad. Sy vriendelike geaardheid is 'n aanwinst," sê sy.

Mnr Corrie Bornman, senior administratiewe assistent, en **Johannes Lesabe**, slotmaker, by die Departement Beskermingsdienste op die Potchefstroomkampus, se harde werk gaan nie ongesiens verby nie. "Ons wil graag vir hulle dankie sê vir hulle altyd voortreflike, vriendelike, hulpvaardige, professionele en flinke diens," sê me Corlé Conradie, kantoorbestuurder van die Skool vir Kommunikasiestudies in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus. "Manne, dit is altyd lekker om van julle dienste gebruik te maak."

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan Marelize.Santana@nwu.ac.za. Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

OARABILE LECHUTI



WAYNE CUSENS



CORRIE BORNMAN



JOHANNES LESABE



En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n **korporatiewe geskenk** gewen het:



Institusionele Kantoor: Me Hope Abrahams, sekretaresse, Loopbaansentrum



Mafikengkampus: Mnr Solly Tamenti, posbeampte, Departement Fasiliteite



Potchefstroomkampus: Prof Ewert Kleynhans, medeprofessor, Skool vir Ekonomie



Vaaldriehoekkampus: Prof Jan-Louis Kruger, Direkteur, Skool vir Tale

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het – ons het behoorlik 'n klomp inskrywings van elke besigheidseenheid van die NWU ontvang. As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem.

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe **geskenk wen** – vind net hierdie **10 antwoorde!**



Identifiseer die nabyskote en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

- 6: Hoeveel meter is die "Velodrome" wat by die NWU gebou gaan word?
- 7: Waarvoor staan HOKR?
- 8: Wat het die Basotho prof Tinie Theron genoem toe hy 'n seun was?
- 9: Waarvoor staan CuDyWat?
- 10: Tydens watter aktiwiteit is dr Theuns Eloff beseer?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260

E-pos: Marelize.Santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!

Selfregistrasie vir alle studente nou 'n werklikheid

Het u geweet dat studente van 2012 af aanlyn sal kan registreer?

Dit alles word moontlik gemaak danksy verbeterings aan die Varsité-studentestelsel (VSS) wat korrekte selfregistrasie vanaf enige rekenaar met internettoegang sal verseker.

Die webregistrasiestelsel is 'n paar jaar gelede reeds van stapel gestuur, maar was aanvanklik slegs beskikbaar vir studente met skoon akademiese rekords. Dit beteken dat studente net aanlyn kon registreer indien hulle alle modules geslaag het.

Gedurende die 2011-registrasietydperk is die nuwe, verbeterde stelsel as loodsprojek geïmplementeer, en drie fakulteite – een op elke kampus – het daaraan deelgeneem.

Op die Mafikengkampus was dit die Fakulteit Regte, op die Potchefstroomkampus die

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en op die Vaaldriehoekskampus die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie.


Volgens me Elize Schutte, direkteur van die Departement Studente Administratiewe Stelsels in die Institusionele Kantoor, het ten minste 1 700 studente aanlyn geregistreer tussen 10 en 28 Januarie 2011. Die reaksie van die studente was oorwegend positief. Die stelsel sal dus in 2012 volledig geïmplementeer word.

Volgens Elize beskik die nuwe en verbeterde stelsel oor 'n funksionaliteit wat dit moontlik maak vir akademiese reëls om op 'n modulebasis toegepas te word. Die stelsel sal dus kan verifieer vir watter modules studente kwalifiseer om te registreer. Dit sal registrasie drasties verkort en die kurrikulumkontroleproses verbeter.

Al wat 'n student vir webregistrasie benodig, is 'n studentenommer, internettoegang en 'n unieke PIN-kode (wat daar en dan geskep word). Alle modules en algemene registrasie-inligting is beskikbaar op die stelsel, maar dit is belangrik om daarop te let dat studente wat van kursus wil verander nie aanlyn sal kan registreer nie.



Perdry is toe nie perdekoop nie... Nadat dr Theuns Eloff, NWU-Visekanselier, in Februarie dié jaar beseer is tydens 'n perde-uithourit, het die universiteitsgemeenskap hul meelewing betoon deur hom te oorval met boodskappe en goeie wense. Gelukkig is hy nou weer pure perd! Mnr Frans du Preez, Direkteur in die Visekanselier se kantoor, gee hier die briefies vir hom aan.



Jy kan nie 'n **reputasie**
bou met net dit wat
 jy nog **beplán** om **te**
doen nie. – Henry Ford



www.nwu.ac.za

